**SA MEDIA**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 | 9 9 / 1 0 0 8 2 8 / | 8 | 84 / 5 |

DIE BURGER Jr. 84 Nr. P. 3 Dat. 8 OCT 1999

# Staatskuld met Sasria geld verminder

HEIN SWART

KAAPSTAD. – Die Regering het besluit dat hy R7,1 miljard van Sasria se totale reserwes van R10,1 miljard vir die aflossing van staatskuld gaan aanwend. Sasria mag die ander R3 miljard vir homself hou.

Dit volg op 'n besluit van die Regering dat Sasria te veel geld het en dat die oortollige bedrag met groot vrug benut kan word om die huidige staatskuld van R377 miljard te verklein.

Die rente hierop bedra tans byna R40 miljard per jaar. Die vermindering van die staatskuld met R7,1 miljard beteken dat die staat nagenoeg R650 miljoen aan rente oor 'n volle jaar sal bespaar.

Die bedrag van R7,1 miljard is bepaal deur Tillinghast-Towers Perrin, 'n onafhanklike internasionale aktuariële maatskappy wat deur die Regering aangestel is om 'n onpartydige waardering van Sasria se reserwes te doen. Die firma se verslag is pas aan mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, oorhandig, wat die aanbeveling aanvaar het.

Die geld sal in paaiemente aan die staat oorbetaal word, met die eerste van R5 miljard wat reeds vandeesmaand ontvang sal word.

Die maatskappy meen dat R3 miljard genoeg as reserwes vir Sasria is, op voorwaarde dat hy herversekering vir 'n bedrag van nog R2 miljard uitneem.

Sasria is onlangs omgeskep van 'n maatskappy sonder winsoogmerk na 'n gewone maatskappy met 'n aandelekapitaal wat ten volle aan die staat behoort. Die plan is om Sasria mettertyd te privatiseer.

TREFWOORDE

1 Sake Burger
2 Swart Hein
3 Regering
4 Reserwes
5 Reserwes
6 Sasria
7 Aflossings
8 Staatskuld
9 Statistiek
10